# Dr Danie Stander: 'n besondere uitblinker



Dr Danie Stander, die nadoktorale genoot verbonde aan die Ton en Anet Vosloo Leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk, word op 25 November vereer as een van die top 20 nadoktorale genote aan die Universiteit Stellenbosch.

Dié toekenning vir uitsonderlike navorsings-prestasie word gedoen aan die hand van die nadoktorale genoot se publikasies (byvoorbeeld vakartikels en hoofstukke in boeke), referate gelewer by kongresse, betrokkenheid by navorsingspanne, skenkings en navorsingstoelae wat die nadoktorale genoot bekom en hulle betrokkenheid by Universiteitsverenigings en -bedrywighede.

Om in die top 20 te wees is nie net 'n besondere prestasie wanneer die aantal nadoktorale genote aan die US in ag geneem word nie (in 2020 was daar meer as 320 nadoktorale genote), maar ook wat die vakgebied betref. Danie is een van slegs twee nadoktorale genote in die top 20 wat in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe werksaam is (die ander presteerders kom van AgriWetenskappe, Ingenieurswese, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en Natuurwetenskappe). En hy is die eerste nadoktorale genoot in meer as drie jaar wat uit 'n taaldepartement op die lys beland.

Baie geluk aan Danie en aan prof. Ilse Feinauer onder wie se inspirerende leiding Danie sy nadoktorale genootskap voltooi.